BEMARKINGSVORM

Ons nader u as gemeente en vra of ons miskien, *Pilatus – 'n kruis in die pad*, by u gemeente kan kom bemark? Ons glo in interaktiewe bemarking en daarom sal dit vir ons 'n voorreg wees om die opwinding van hierdie interkerklike produksie – met 'n bevrydende boodskap – by u te kan kom bekendstel.

Indien u positief oor 'n bemarkingsgeleentheid is, vra ons dat u asseblief na die onderstaande vorm sal kyk. Kyk gerus na al die opsies wat ons bied. U kan slegs een, almal of 'n kombinasie daarvan kies.

U kan die vorm uitdruk en invul deur u keuse telkens in die regterkantste kolom te stipuleer, asook u gekose datum(s). Daarna kan u dit skandeer en terug e-pos na: gertjan777@gmail.com.

Alternatiewelik kan u eenvoudig u gekose datum(s) en opsies sommer in 'n e-pos aan gertjan777@gmail.com stuur.

Opsie:	Beskrywing:	U keuse:
Sangitem (*waar u klank benut word*)	'n Sanger/sangers van die produksie kom sing 'n lied of twee uit die produksie vir u gemeente. **U klanksisteem word gebruik.**	Datum(s): _____
Sangitem (*waar ons die klank moet voorsien*)	'n Sanger/sangers van die produksie kom sing 'n lied of twee uit die produksie vir u gemeente. **Ons voorsien ons eie klank.**	Datum(s): _____
Bemarkingsvideo	Ons kom wys ons bemarkingsvideo aan die gemeente. Dit is materiaal wat vanuit Maart se produksie spruit en is ongeveer twee minute lank. **U moet asseblief die projekter en klank hiervoor self verskaf.**	Datum(s): _____
Spreker	Ons stuur iemand uit die geselskap na u gemeente om die gemeente meer te kom vertel oor die produksie. Dit sal nie langer as drie minute duur nie.	Datum(s): _____

Ons kan ook 'n hele diens benut deur een van ons professionele sangers na u gemeente toe te stuur. Hulle kom doen dan hulle normale program wat hul by gemeentes reg oor die land doen (*teen geen optreefooi nie, maar slegs die kollekte van die erediens*) en sal dan tussendeur iets oor, *Pilatus – 'n kruis in die pad*, noem:

Opsie:	Beskrywing:	U keuse:
Jacobus Silwer	Gaan kyk gerus na sy nuutste video: Genade vir Afrika	Datum(s): _____
Gertjan Holtzhausen	Gaan luister gerus na van sy liedere: Allesins	Datum(s): _____

Ons het ook bemarkingsmateriaal wat nie tot 'n erediens beperk is nie:

Opsie:	Beskrywing:	U keuse:
Plakkate	Ons kan plakkate by u gemeente kom opsit.	Persoon en kontaknommer met wie ons kan skakel: _____
Pamflette	Ons kan pamflette bring wat u by u gemeente kan uitdeel.	Persoon en kontaknommer met wie ons kan skakel: _____
Digitale-bemarking	Ons kan digitalemateriaal vir u aanstuur wat u in u weeklikse gemeenteblaai of op u aankondigingsbord kan plaas.	E-posadres waarheen materiaal gestuur moet word: _____

Ons het ook gevind dat teatergangers nie graag fisies by P.A.C.O.F.S wil gaan kaartjies koop nie. Daarom het ons 'n spesiale vergunning vanaf P.A.C.O.F.S ontvang en kan ons ook kaartjies by u gemeente kom verkoop tydens ons besoek.

PILATUS
'n kruis in die pad

Al lyk die lewe vanuit 'n wêreldse perspektief meestal hopeloos, dans Jesus met elkeen van ons. Ons is dood in onsself. Jesus lewe nou ons lewens voort... Ons kan dans ten spyte van ons swaarkry en seer! Jesus, in ons, is ons hoop op heerlikheid!!!